PBO 930022142 NPO 049-191

Wat is Vigs-verwante kognitiewe belemmering ?

Mense met Vigs ontwikkel soms kognitiewe belemmering, veral in die latere stadiums van die siekte. Hierdie inligtingsblad verduidelik hoe Vigs-verwante kognitiewe belemmering gediagnoseer word. Dit gee ook 'n beskrywing van die simptome en 'n oorsig van die behandeling wat beskikbaar is.

Vigs (verworwe immuniteitsgebreksindroom) word veroorsaak deur die teenwoordigheid van die menslike immuniteitsgebrekvirus (MIV) in die liggaam. MIV val die liggaam se immuunstelsel aan en maak die geaffekteerde persoon vatbaar vir infeksies. Vigs-verwante kognitiewe belemmering kan veroorsaak word deur:

- Die direkte impak van MIV op die brein
- Infeksies wat voordeel trek uit die verswakte immuunstelsel.

- *Konsentrasieprobleme*
- *Taalprobleme*
- *Verlies van eetlus*
- *Onstabiliteit*
- *Ataksie ("dronkgang")*
- *Lompheid*

Hoe algemeen is dit?

Dit is moeilik om die insidensie van Vigs verwante kognitiewe belemmering presies te bepaal. Baie van die studies oor die insidensie daarvan is uitgevoer voor die bekendstelling van "kombinasieterapie" – die gebruik van 'n kombinasie geneesmiddels wat tans gebruik word om MIV te beheer.

Die volgende toetse kan gedoen word:

- *MIV-toets*
- *CT-skandering*
- *MRB-skandering*
- *Lumbale punksie*

Simptome

Simptome van Vigs-verwante kognitiewe belemmering kan die volgende insluit:

- Vergeetagtigheid
- Konsentrasieprobleme
- Taalprobleme
- Probleme met korttermyngeheue
- Lompheid
- Onstabiliteit
- Rukkerige oogbewegings
- Ataksie (“dronkgang”)
- Veranderinge in persoonlikheid
- Verlies van eetlus
- Ontoepaslike emosionele reaksies
- Gemoedskommelings
- Hallusinasies

Diagnose

Daar kan probleme wees om Vigs-verwante kognitiewe belemmering te diagnoseer.

Daar bestaan verwarring oor die presiese definisie van die toestand.

Baie mense word verkeerdelik met depressie of ander neurologiese of psigiatriese toestande gediagnoseer.

Soms ontwikkel mense die simptome van demensie wat later die MI-virus blyk te wees. Die volgende toetse kan gedoen word:

MIV-toets

Dit moet slegs na spesialisberading gedoen word.

CT-skandering

'n KT- (rekenaartomografie) skandeerbeeld kan gebruik word om infeksies in die brein op te spoor.

MRB-skandering

MRB- (magnetieseresonansiebeelding) skandeerbeelde kan krimping van breinweefsel toon.

Lumbale punksie

Dit behels om met 'n naald vloeistof uit die basis van die rugstring te haal. Dit kan gebruik word om die hoeveelheid MIV-infeksie in die vloeistof rondom die brein op te spoor.

Neuropsigometriese toetsing

Hierdie psigologiese toetse word gebruik om die funksie van die verskillende dele van die brein te meet.

Breinbiopsie

'n Breinbiopsie behels om 'n klein stukkie van die brein te neem en dit in 'n laboratorium te ondersoek.

Hierdie prosedure word nie dikwels uitgevoer nie omdat dit breinchirurgie behels.

"'n Breinbiopsie behels om 'n klein stukkie van die brein te neem en dit in 'n laboratorium te ondersoek. "

Behandeling

Anti-MIV-middels

Tans is dit nie moontlik om Vigs te genees nie.

Die bekendstelling van “kombinasieterapie” – die gebruik van drie of meer anti-MIV-middels – het egter die lewensverwagting en kwaliteit van mense wat met Vigs lewe, aansienlik verbeter.

Die doel van hierdie anti-MIV-middels is om die hoeveelheid van die virus in die bloedstroom te verminder om sodoende die skade wat MIV kan aanrig, te verminder.

Mense met Vigs-verwante kognitiewe belemmering word gewoonlik ’n kombinasie van anti-MIV-behandelings voorgeskryf om te keer dat die virus die brein binnegaan, of om hierdie proses te vertraag.

Die sukses van hierdie middels het beteken dat die fokus van behandeling vanaf palliatiewe sorg na rehabilitasie verskuif het.

Ander medikasie

Psigiatriese middels word ook aan mense met Vigs-verwante kognitiewe belemmering voorgeskryf, insluitend:

Antidepressante (soos fluoksetien, paroksetien, sitalopram en venlafaksien). Hierdie middels word gebruik om motivering te verhoog en eetlus te stimuleer.

Neuroleptiese middels (soos olansapien en risperidoon). Hierdie middels kan agitasie en angs verlig.

Rehabilitasie

’n Gestruktureerde rehabilitasieprogram kan mense met Vigs-verwante kognitiewe belemmering help om selfversorgings-vaardighede opnuut te leer, bv. om hulleself te bad, aan te trek en te voed, om medikasie te neem en kos te maak, en ’n bewustheid van pad- en huishoudinggevare.

Geskryf met die hulp van die MIV-breinbelemmeringseenheid, Mildmay Hospitaal, Londen

Aantekeninge:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Kontak:

Tel: (021) 421 0077/78
Email: info@dementiasa.org
Or support@dementiasa.org

3rd Floor,
State House,
3 Rose Street,
Cape Town

P.O. Box 16421
Vlaeberg
8018

DEMENTIASA
managing alzheimer's and dementia care

www.dementiasa.org